Bosveld Jagters- en
wildbewaringsvereniging
Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

# Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 2 Februarie 2012 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:

Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**

Cor Olivier lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**

Simpatie word betuig met Piet van Dyk se familie met sy afsterwe.

Die volgende lede word geluk gewens met hul verjaardae gedurende Februarie: I.L Botha, L.M Botha, Tinus Erasmus, R Kruger (Jnr), Wallie van Dyk en Adri Venter.

**Teenwoordig:**

**Bestuur:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hansie Botha | Ettiene Sales | Chris de Wet | Giam Fourie |
| Phillip Robinson | Cor Olivier | Chris Venter | Wallie van Dyk |
| Carel Buitendag | Francois Malan | Leon Whitehead | Karel Osmers |
| Andre le Grange | | | |

**Lede:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kobus Winterbach | N Fourie | W Jacobsz | R de Jager |
| DM Wright | David Mkwanana | LM van Rooyen | JH de Swardt |
| B Spengler | A Spengler | F Schoeman | J Katzke |
| F Olivier | Deon Davel | CF Kriel | James Norval |
| Rob du Plessis | John Kirstein | Belinda Badenhorst | Judy Jacobsz |

**4. Verskonings:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vic Osmers | Abel Botha | Tinus Erasmus | Bosman Kruger |
| Joseph Hartmann | Alwin Fleischmann | Dawie van Vuuren | Johnny Rech |

**5. Vorige notule:**

Die vorige notule word aanvaar. Ettiene Sales as voorsteller en deur Phillip Robinson gesekondeer.

**6. Finansies & Administrasie:**

| | | |
|---|---|---|
| BJV Belleggings Rekening Saldo | R | 113 479.46 |
| BJV Tjekrekening: | R | 6 674.72 |
| Kontant op Hand | R | 3 280.00 |
| Kroeg Rekening Saldo | R | 16 951.30 |

**7. Nuwe Lede & Toegewyde Status**

**7.1 Nuwe Aansoeke:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6960 | Werner Roan van Rensburg (Jnr) | - | Goedgekeur |
| 6952 | Rynier de Jager | - | Goedgekeur |
| 6943 | Ashleigh Hamilton-Fowle | - | Goedgekeur |
| 6975 | Andre Spengler (Jnr) | - | Goedgekeur |
| 6971 | Frederik Stephanus Petrus Schoeman | - | Goedgekeur |
| 6972 | Julius Joubert Katzke | - | Goedgekeur |
| 6977 | Kamohelo Mofokeng | - | Goedgekeur |
| 6976 | Stephen Armond de Pradines | - | Goedgekeur |

Nuwe Junior lede onder 18 betaal nie ledegelde nie.

**7.2 Toegewyde Jagterstatus**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6148 | Clayton Wiggill | - | Goedgekeur |
| 6147 | Cliffie Wiggill | - | Goedgekeur |
| 2196 | Clifford Percy Willill | - | Goedgekeur |
| 2605 | Ettiene Sales | - | Goedgekeur |

**8. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Soos onder verskillende afdelings by Notule ingewerk.

**9. Klubhuis & Skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid.**

**9.1.1** ‘n ‘300 Sthill Bossiekapper masjien is aangekoop en Brown het opleiding ontvang vir die instandhouding van die skietbaan se gras. Andre le Grange word bedank vir die gebruik van sy trekker vir die sny van die gras.

**9.2. Klubhuis:**

**9.2.1** Alf Wandrag en Hansie Botha is besig met die installeering van die ingangshek wat met afstandbeheer sal werk. Koste vir afstandbeheer beloop R130.00.

**9.2.2** Joseph Hartmann sal opmetings doen en kwotasies kry vir die oprigting van die karavaanpark met 10 kragpunte voor 31 Maart 2012 terugvoer aan die kantoor gee. Versoeke word aan lede gerig vir skenkings soos bv donkie vir warm water ens.

**9.3 Skietbaan**

**9.3.1** Skietbaan inspeksie is uitgevoer op 25 Januarie 2012. Skietbaan Akkreditasie is betaal**.**

**Lede word weereens gewaarsku dat geen drank by of op die skietbaan toegelaat word nie. Dissiplinere stappe sal teen lede geneem word wat oortree. Lede word ook weereens versoek om asseblief die skietpunt skoon en netjies te hou en hulle teikens te verwyder.**

'n Register is in die sandblik gebere vir die gerief van die lede.

**9.3.2** Gys Pretoruis het die drade by die rewolwerbaan opgesit maar dit is alreeds afgeskiet. Chris Venter sal kyk na alternatiewelike voorstelle.

**9.3.3** Die nuwe Pinskietbaan sal binne 2 weke klaar wees en Phillip Robinson word bedank vir die skenking van bakstene vir die opvul van die gate agv reenskade.

**9.4 Kroeg**

**10. Skietdae**

**10.1 Groeperingskietdag 29 September 2012.**

Chris de Wet en John Kirstein is besig met die Bemarkings DVD. John Kirstein word bedank vir sy moeite.
'n Markies tent kan gehuur word vir R5 000.00.
'n Aparte vergadering sal gereel word vir verdere reelings en besprekings.
Idee's kan vir Chris de Wet deurgegee word by **083 4236 600.**
Borge moet so gou as moontlik vasgemaak word.
Chris Venter versoek hulp met die datainsleuteling tydens die dag en versoek 'n nuwe rekenaarprogram met 3 dataverwerkers wat gelyk kan werk. Enige insette kan by Chris Venter ingedien word.

**10.2 Chasa Skietdag - 11 Februarie 2012.**

**10.2.1** Cor Olivier tree op as Baanoffisier. Belinda doen inskrywings. R40 eerste ronde en R20 tweede rondte. Chasa Jaggeweer, .22 Posliga Skiet (R20) en Boogskiet sal plaasvind. Phillip Robinson, Giam Fourie en Leon Whitehead verantwoordelik vir die opstel van die Boogskietbaan.

**10.2.2 Chasa Skietdag – 3 Maart 2012.**

Chasa Jaggeweerskiet, Jaghandwapen, .22 Posligaskiet en Boogskiet sal plaasvind.

**10.2.3 Praktiese Skietdag – 11 Mei 2012 en 25 Augustus 2012.**

Die skietbaan sal ten volle benut word vir die aktiwiteit – geen lede kan op bogenoemde dae skiet nie.

**10.3** Alle inskrywings gelde moet na elke skietdag met Belinda geko-ordineer word deur die verskillende projekleiers. Teiken bestelligs vir die jaar 2012 moet dringend by Belinda ingedien word.

**11. Opleiding**

**11.1** Chris de Wet en Walt Katzke moet 'n Instrukteurskursus reel. Instrukteurs moet ten minste 2 aktiwiteite per jaar aanbied of hul verloor hul sertifikaat.

**11.2** Trofeemeting Kursus sal plaasvind op 3 Maart 2012 by Letaba Tak. Kostes beloop R300.00 per persoon. Name kan by Wallie van Dyk opgegee word. Slegs 5 lede per tak kan opgelei word.

**11.3** Junior I se koste beloop R800.00, Junior II – R1 000.00 en Senior Kursus R800.00. Ekstra mense tydens die kursusse se kostes beloop R250.00. Instrukteurs vir die volgende Jnr 1 en Senior kursus wat plaasvind vanaf 23 Maart tot 25 Maart 2012 word versoek. Lede kom direk na skool by die klubhuis bymekaar.

**11.4** Lede word versoek om voor einde April 2012 vir die parejag in te skryf. Kostes beloop R50.00 vir Junior's en R100.00 vir Seniors. Geen laat inskrywings word aanvaar nie. Vir verdere navrae kan Wallie van Dyk geskakel word.

**12. Kleiduif**

**Kleiduifskiet Skietdag – 18 Februarie 2012**

**12.1** Inskrywings beloop R100 vir 25 patrone en 25 Kleie. R50 vir lede wat hul eie patrone gebruik. Patrone sal te koop aangebied word.

**13. Boogjag**

**14. Handwapenjag**

**15. Buskruit**

**16. Windbuks**

**16.1** Die windbuks baan sal binne 'n week opgestel en gereed vir gebruik wees – Hansie Botha sal opvolg met Ulie Faurie.

**17. Jaggeleenthede**

**17.1** Skakel Dawie van Vuuren by 083 4545 391 vir inligting. Sien op webblad.

**17.2** Sarel Kriel reel voeljagte. Besonderhede sal op webblad geplaas word.

**18. Redakteur / publikasies / pers**

**18.1** Alle foto's en bemarkings berigte moet deur die verskeie projekleiers met Belinda geko-ordineer word sodat die verlangde mediaskakeling kan geskied.

**19. Wildsete**

**20. Uitvoerende vergadering/Bosberaad**

Bosberaad het vanaf 20-22 Januarie 2012 plaasgevind. Hansie Botha sal terugvoer gee met die volgende vergadering.

**21. Fondsinsamelings**

**21.1** Rachelle van Attetude Printing is weer vol besig met die bemarking van die advertensieborde. Hansie Botha versoek lede om te adverteer.

**21.2** 'n Boomplantdag by die BJV word beplan. Chris Venter se vrou sal die reelings tref. Lede kan 'n boom borg en dan word sy naam op 'n plaatjie teen die boom gesit. Die boomplantdag sal in die lente plaasvind.

**22. BJV Letaba Tak Algehele Jaarvergadering.**

**23. Algemeen en Vastellings en byvoegings tot die Agende**

**23.1** Geen verdere vordering ten opsigte van die Chasa Hofsaak.
**23.2** Giam Fourie gaan die Endossemente oorneem by Abel Botha.
**23.3** Gerrit Beetge en Francois Joubert se gesins lidmaatskap is goedgekeur – Letaba Tak sal die R400 aan HK oorbetaal vir 2012 op die voorwaarde dat hulle almal 5 nuwe lede voor September 2012 moet nomineer om te kwalifiseer vir gratis lidmaatskap vir 2013.

**23.4** Karl Osmers sal uitkyk vir 'n geskikte perseel vir die Bestuursjag naweek wat sal plaasvind op 27 Julie 2012.

**23.5** Lede wat belangstel om vir die Foto Trofee Kompetisie in te skryf kan die nodig inligting by Francois Malan kry. Inskrywings is gratis en die wenfoto sal vir 2013 se almanak gebruik word.

Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 1 Maart 2012** om **18:00** by die **Klubhuis.**